

## There4-Bedieninge Verslag Julie 2021

Ons loof die Here vir Sy voorsiening in ons lewens en in die bediening waartoe Hy ons geroep het. Ons is opgewonde, dat ons ons tans in die uitdagende reisseisoen in die Midde-Ooste bevind. Dit maak die logistieke net soveel makliker en bied vir ons die geleentheid om dieper verhoudings met individue met wie ons 'n pad loop te smee. Daar is ook maar uitdagings hieraan verbonde, maar ons ervaar dat "Presence-ministry" so belangrik is sodat hulle die liefde van ons Here deur ons oë, ore, hande en voete kan ervaar.

Tans is ons in die land waar ons ons gevestig het persoonlik betrokke in die volgende bedieninge:  
Gerrit: Hy lei eredienste en bied dissipelskaplering aan vir spanlede  
Janine: Sy "teach" koninkryksbeginsels vir 'n groep van so 15 vlugtelinge twee keer per week en doen huisbesoeke om die vroue en hulle gesinne beter te leer ken en verhouding te bou om werklik in hulle lewens in te spreek.

Ander bedieninge wat voortgaan:

Gerrit: Hy vertrek in Augustus na 'n naburige land om eerste dissipelskaplering aan nuwe bekeerlinge en moontlike opkomende leiers aan te bied. Hul van verskeie lande afkomstig.  
Janine: Ou Testament lering aan drie groepe Suid-Afrikaanse dames en binnekort 'n groep in Egipte; plus radiobediening in SA  
Beide van ons: Zoomreis sodat ons kan deel waarby ons betrokke is en biki foto's kan deel. Sondag 1 Augustus 18:30-19:30

### **Terugskouend:**

**Radio Onderhoude:** Ons het weekliks op drie radiostasies die geleentheid gehad om luisteraars aan te moedig om in gebed betrokke te raak by die onbereiktes en Christene wat te midde van vervolging lewe en ook prakties by There4-Bedieninge se projekte.

**Optredes in SA:** Dit het tot stlstand gekom weens Covid-regulasies. Ons bemoedig steeds drie maatskappye daaglik vanaf Maart verlede jaar en is steeds besig met 'n weduwee en verliesbediening deur die Psalms.

### **Bediening in die ander lande waar ons dien:**

Noord-Afrika: Die opleiding van gelowiges om die Woord te verstaan en aan ander oor te dra duur voort in persoon en via Zoom

Suid-Oos-Asië: Die spanne is besig om dissipelskaplering aan te bied en besig met geestelike berading na 'n brand wat 'n deel van hulle opleidingsentrum verwoes het en waar drie mense oorlede is.

Asië: Ons spanlid daar het baie swaargetrek met Covid en monsoon reëns en het by die dood omgedraai. Ons is die Here dankbaar hoe sy vrou die drie klein kinders opgepas het en haar man versorg het sonder teveel medikasie tot hulle beskikking. Aan God alleen kom toe die ere.

Miide-Ooste: Ons vennoot daar se pa is verlede week oorlede en sy sal ander blyplek moet kry omdat hy 'n tweede keer getroud was en sy nie meer by die stieffamilie sal kan bly nie. Hulle is beïsg met bemoediging van Christene dwarsdeur die land omdat so baie die land wil verlaat oor die onsekerheid nou dat VSA magte gaan onttrek.

Baie dankie aan elke persoon wat vir ons in gebed dra en vir die gemeente se getroue bydrae vir die bediening. Ons mis julle!